**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**EKSAMEN**

**JUNIE 2014**

**GRAAD 9**

**2 UUR**

**TOTAAL 150**

---

**<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING:</u>**

**Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings:**

**Afdeling A: Begripstoets [30]**

**Afdeling B: Taalwerk [80]**

**Afdeling C: Letterkunde [40]**

1. **Beantwoord al die vrae**
2. **Skryf jou onderwyseres se naam op jou dekblad**
3. **Gebruik dieselfde nommers as in die vraestel**
4. **Laat 'n reël oop tussen elke antwoord**
5. **Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy**
6. **Skryf netjies en leesbaar**
7. **Trek 'n regterkantste kantlyn op elke bladsy**
8. **Onthou om jou tyd goed te beplan anders sal jy nie klaarkry nie**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg

**Trouklokke vir Charlize Theron en Sean Penn?**

**Deur Huisgenoot Digitaal op Februarie 5, 2014**



**1.**

**Sy is wêreldbekend vir haar skoonheid en talent, maar volgens Charlize Theron was sy nie altyd gewild nie.**
**Die Oscar-bekroonde aktrise het in 'n onlangse onderhoud erken dat sy op skool geterg is en dat sy glad nie gewild was onder haar ander klasmaats nie.**

**2.**

**Volgens Theron, ster van die rolprent MONSTER was sy alles behalwe gewild op skool, en sy het gesukkel om in te pas en kon sy skaars 'n kêrel se aandag vang.**

**3.**

**"Ek het 'n groot leesbril gedra omdat ek skaars kon sien. Die seuns het glad nie daarvan gehou nie," het Theron erken.**

4.

"Maar soos almal weet het Charlize die laaste lag gekry toe sy op 16-jarige ouderdom 'n modelkontrak losgeslaan en na Milan vertrek het.

5.

Nou lyk dit asof Charlize Theron 'n kêrel het: Sean Penn.

6.

Sean is smoorverlief op Charlize en haar seun, Jackson. Hy is 'n heel ander mens by Charlize. Sy bring die sagte en pret kant van hom uit wat nie baie mense van hom sien nie.

7.

Die duifies het in die afgelope paar weke oor trou begin praat nadat die 53-jarige Sean by Charlize (38) ingetrek het, vertel die bron. "Sy wou nooit trou nie, maar sy sien hoe Sean met Jackson is, en sy dink nou anders. Charlize het altyd gedink dit gaan net sy en Jackson wees, en sy was okei daarmee. Dis 'n groot stap vir haar om nou te praat van trou."

8.

Die paartjie is die afgelope week gekiek terwyl hulle 'n romantiese uitstappie geniet het by die see in Malibu, Kalifornië. Hulle het daar in Sean se strandhuis uitgespan.

9.

Die paartjie ken mekaar al langer as 'n dekade en was altyd vriende. Dié wat hulle ken, is dus glad nie verbaas dat hul verhouding so vinnig beweeg nie.

**10.**

**Charlize is sowaar die lig in sy lewe. Hy praat selfs daarvan om Jackson aan te neem nadat hulle getrou het!"**

**11.**

**As dit gebeur, sal dit Charlize se eerste huwelik en Sean se derde een wees.**

---

WOORDELYS

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Wêreldbekend** | World reknowned | **ouderdom** | age | **huwelik** | marriage |
| **Onderhoud** | interview | **dekade** | decade | **gewild** | popular |
| **Verlief** | In love | **verhouding** | relationship | **smoorverlief** | In love |
| **Pret** | fun | **duifies** | Love birds | **gekiek** | photographed |

**VRAAG 1**

1.1 Wie is die aktrise wat in die artikel 'n Oscar gewen het? Gee die naam en van. 1

1.2 Waarvoor is Charlize Theron wêreldbekend? Noem 2 dinge waarvoor Charlize Theron wêreldbekend is 1

1.3 **Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is.** Verduidelik jou antwoord met 'n aanhaling.

1.3.1 Charlize Theron was altyd populêr op skool. ( Haal 7 opeenvolgende woorde uit paragraaf 2 aan.) 2

1.3.2 Charlize Theron het nie problem e met haar oë nie.( Haal 5 opeenvolgende woorde uit paragraaf 3 aan.) 2

1.4 Watter 2 dinge het Charlize se lewe op 16 -- jarige ouderdom verander? 2

1.5 Gee Charlize se nuwe kêrel se naam en van. 1

1.6 Haal 'n sin aan wat bewys hoe Sean Penn oor haar voel. 1

1.7 Wat is Charlize Theron se ouderdom? 1

1.8 Hoe oud is Sean Penn? 1

1.9 Kies 2 woorde om die onderstaande sin te voltooi.Sean Penn, Malibu, Charlize, Jackson, strandhuis.

Charlize en Sean ontspan in Kalifornië in 'n ____1.9.1__________(1) by die see, in_______1.9.2______(1). 2

1.10 Haal een woord aan wat bewys hoe lank Charlize en Sean mekaar ken. 1

1.11 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR.? Haal aan om jou antwoord te bewys

1.11.1 Sean en Charlize het onlangs ontmoet. 2

1.12 Gee die naam van EEN rolprent waarin Charlize optree. 1

1.13 Sean en Charlize maak 'n goeie paartjie. JA of NEE ? 2


Gee 'n rede vir jou antwoord in jou eie woorde.

[20]

**VRAAG 2:**

**Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die daaropvolgende vrae.**

**Absa KKNK: Wen kaartjies na Trots Afrikaans**
**Deur Huisgenoot op Maart 25, 2014**



Bobby van Jaarsveld is een van die vele sterre by die Trots Afrikaans-konsert.

**Tien gelukkige mense kan elk dubbelkaartjies wen na Huisgenoot se Trots Afrikaans-konsert by Absa-KKNK op 31 Maart.**

Die konsert begin om 19:00 en vind plaas by die Huisgenoot-verhoog op die Oudtshoorn-sportterrein in Voortrekkerweg.
Net die beste Afrikaanse musiek word opgevoer, en dit deur ervare kunstenaars soos Bobby van Jaarsveld, Corlea, Jay, Robbie Wessels, Riana Nel, Arno Jordaan, Jannie Moolman, Pieter Koen en Dewald Wasserfall.

**Kaartjies**

- Bespreekte sitplekke: Vanaf R120
- Onbespreekte sitplekke: (volwassenes) R90; (Kinders) R60
- Gesinspakket 1* (twee volwassenes en een kind): R200
- Gesinspakket 2* (twee volwassenes en twee kinders): R250
- Kaartjies by www.computicket.co.za

Blaai om

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Wat kan jy wen as jy vir die kompetisie inskryf? | 1 |
| 2.2 | Hoeveel dubbelkaartjies kan gewen word? | 1 |
| 2.3 | In watter stad/dorp sal die konsert plaasvind? | 1 |
| 2.4 | Maak 'n lys van al die kunstenaars wat gaan optree. | 1 |
| 2.5 | Gee die tyd en die plek van die konsert. | 2 |
| **2.6** | Gee 'n sinoniem uit die advertensie vir : grootmense | 1 |
| 2.7 | Waar kan kaartjies gekoop word? | 1 |
| 2.8 | Gee die volle naam van die konsert. | 1 |
| 2.9 | Hoeveel mense kan toegang kry met die 'gesinspakket 2'? | 1 |
| | | [10] |

TOTAAL VIR AFDELING A 30

## VRAAG 7. Moederliefde

| |
|---|
| *" Toe ons naby die huis kom, het ons 'n hartverskeurende huil gehoor. Die voordeur van die huis het oopgestaan. My hart wou gaan staan toe ek sien hoe die vrou die huis binnegaan sonder om aan die vloer te raak. Ek het hardop begin wonder of dit nie beter sou wees as ons eerder terugdraai nie. Maar Pa was BAIE nuuskierig."* |

7.1 Waarom het die vrou nie aan die vloer geraak nie? (1)

7.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die antwoord neer.

7.2.1 ***'My hart het amper gaan staan'* beteken:** (1)

A) Hy was baie opgewonde
B) Hy was baie onseker van homself
C) Hy was baie bang

7.2.2 ***'Pa was BAIE nuuskierig'* beteken:** (1)

A) Pa was baie oud
B) Pa is bang vir moeilikheid
C) Pa wil weet wat aan die gang is

7.2.3 Wie was dit wat gehuil het? (1)

[4]

## VRAAG 8: Die brief.

| |
|---|
| ***"As Ouma haar brood uit die oond haal, sny sy dadelik 'n dik sny vir wie ook al in die kombuis wag. Sy smeer dit met botter wat in die sagte warmte wegsmelt, en bo-op die onsigbare botter kom stoopsoet korrelkonfyt of soetmelkkaas. Soms, as Ouma in 'n goeie bui is, sommer korrelkonfyt en kaas.*** |

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 | Gee die intensiewe vorm van die woord: soet | (1) |
| 8.2 | Ouma het 'groen vingers 'gehad. Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken. | (1) |
| 8.3 | Waarom skryf Illse juis nou die brief? | (1) |
| 8.4 | Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is en haal aan om jou antwoord te bewys. | |
| | ***'Ouma is altyd in 'n slegte bui'*** | (2) |
| 8.5 | Verduidelik in jou eie woorde wat in die verhaal gebeur het? | (2) |
| | | [7] |

**{20}**

## AFDELING D: GEDIGTE

Lees elke keer die gedig deur en beantwoord dan die vrae daarop.

VRAAG 9: EK WENS

Ek wens dat al die banke in die klas
Van Bar One's en koekies was
En al die vissies in die see
Ja, alles wat daar is
Van lekkers en van jellie is!

As al die tasse in ons klas
Van roomys en snoepgoed was
Dan was ek heeldag aan die "werk"
Maar was my tande glad nie sterk
My ma sou baie daaroor kla
Ek praat nie eers van Pa!

Ag, was skool tog maar 'n fees
Sal ek vir ewig 'n graad aggie wees
En eendag.....
Al is ek oud en krom
Is ek nog net so dom.....

En ek kyk na Juffrou voor die bord
En wonder wat van my sal word...
En ag, ek wil dit nie eers dink
Want as ek heeldag net eet en eet
Wat sal ek in die eksamens weet?

'n Potjierol sal ek wel wees

Maar dis wat ek die meeste vrees.....

Ag nee! Soos Doortjie wil ek glad nie lyk

So, laat ek die drome liewer los

En glad nie dink aan lekker kos.

9.1 Wat sou in strofe 2 gebeur as die spreker so baie snoepgoed eet? (1)

9.2 Haal 3 agtereenvolgende woorde aan wat bewys in watter graad die kind is. (1)

9.3 Watter woord in die laaste strofe beteken **vet** ? (1)

9.4 Waaraan moet die kind eerder nie dink nie? (1)

9.5 Haal een woord aan wat dieselfde as " die hele dag" beteken. (1)
[5]

**<u>VRAAG 10: AFWESIG</u>**

AFWESIG......(vir Marilie)

Waar was jy toe ek by die trap vir jou wag

Toe ander ongeduldig om my stap

Waar,toe ek alleen my toebroodjie eet

En ander by die snoepie klets en lag

Waar was jy toe ek bang my toets oopmaak

En ander nuuskierig oor my skouers loer.......

Ek soek na jou in elke stem en lag

Tussen al die sms'e op my foon

Ek soek jou tussen stoepe en lêers

Ek soek jou warm vingers teen my arm

As jy saggies aan my vat-

Sonder jou maak niks meer sin.

Dink aan my soos ek aan jou

Wees by my soos ek by jou

Vergeet geen oomblik van my

Want hier wag ek vir jou

Alleen...

Om elke hoek en draai

Staan jou naam geskryf:

In elke voutjie van my brein

In elke lag, in elke pyn

My oë soek tussen die baadjies deur

Maar jy is afwesig:

Jy's

Nie hier...


Pas die woorde in KOLOM A by die stellings in KOLOM B. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| | KOLOM A | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 10.1 | Afwesig | Is 'n seun | (1) |
| 10.2 | Snoepie | Nie afwesig nie | (1) |
| 10.3 | Die spreker | Nie by die skool nie | (1) |
| 10.4 | Teenwoordig | Plek waar jy lekkers kan koop | (1) |
| 10.5 | Onderwyseres | Van roomys en snoepgoed | (1) |
| 10.6 | Tasse | juffrou | (1) |
| | | | [6] |


## VRAAG 11: MUSKIETEJAG

**Jou vabond, wag ek sal jou kry**
**1 van jou sal net 'n bloedkol bly**
**hier op my kamermure.**
**Deur jou vervlakste gonsery,**
**deur jou gebyt en plaery**
**kon ek nie slaap vir ure.**

**Mag ek my voorstel, eer ons skei,**
**2 eer jy die doodslag van my kry -**
**my naam is Van der Merwe.**
**Muskiet, wees maar nie treurig nie,**
**wees ook nie so kieskeurig nie,**
**jy moet tog eendag sterwe.**



**Verwekker van malaria,**
**3 sing maar jou laaste aria -**
**nog een minuut van grasie.**
**Al soebat jy nou nog so lang,**
**al sê jy ook, ek is nie bang,**
**nooit sien jy weer jou nasie...**



**Hoe sedig sit hy, o, die kreng!**
**4 Sy kinders kan maar kranse breng,**
**nou gaan die vabond sterwe.**
**Pardoef ! Dis mis ! Daar gaan hy weer !**
**Maar dood sal hy, sowaar, ek sweer -**
**my naam is Van der Merwe !**

**-- A D Keet --**

| | | |
|---|---|---|
| 11.1 | Haal EEN woord aan uit strofe 1 wat verduidelik wat van die muskiet sal oorbly as die spreker met hom klaar is. | (1) |
| 11.2 | Wat is die spreker se naam? | (1) |
| 11.3 | Gee 'n sinoniem uit strofe 3 wat dieselfde beteken as "vra mooi dat jy my spaar". | (1) |
| 11.4 | Watter woord in strofe 4 is 'n voorbeeld van klanknabootsing? | (1) |
| | | [4] |

## VRAAG 12: PREHISTORIES

1
Ons het gisteraand
in ons agterplaas
'n Pterodaktilus doodgemaak;

2
Raai, hy't in (of op) ons moerbeiboom kom sit
Sy vlerke so flapperig en groot
Soos Mrs Pagel se sirkustent
En sy lang snawel met keelsak
Soos 'n vergrote sambreel.

3
Die arme ding was klaarblyklik
Sy pad byster
En ek dink dis nogal
Onfraai
Van Boet Jan
Om hom spykers
Uit Pa se rommelkamer
Te voer,
En ou besemstokke en stukkende fietse
En 'n Fordjie se enjinkap

4
Hy het hom gate vol geëet
Hap, sluk, hap, sluk,hap,sluk...

5
Ek het voor my siel geweet
Hy sou vrek
Want die drif van die happery
Het afgeneem
En die ding se pens
Het behoorlik uitgebult
Van al die ysterware

6
Daardie groot tentvlerke
Het begin bewe
Stof gemaak,
En sy nek het
Golwend geslinger
Soos 'n Vikingskip se boegbeeld.

7
Toe hy omkap
Was ons almal by
Met stutte en koevoete en heiningpale
Om te keer dat hy
Nie die kombuisnok raakval nie

Gelukkig is die ramp afgeweer,
Maar nou sit ons met 'n lyk.

8
Moontlik plaas ons 'n klein advertensie
Soos mense verlore duiwe
Met hul ringnommer adverteer,
Maar ons ding
Het waarskynlik nie
Aan 'n renduifklub behoort nie
Ek bedoel
Hy was veel eerder
Iemand
Se troeteldier.

(uit Teenstrydige Liedere, Tafelberg 1977)

1.2.1 Waar in die agterplaas het die dinosaurus geland? (1)

1.2.2 Haal 'n voorbeeld van alliterasie ait strofe 6 aan .

(1)

1 2.3 Waarmee word die vlerke van die dinosaurus vergelyk? (1)

1 2.4 Wat is die gevoel of toon van die gedig? Skryf slegs die nommer en antwoord neer.

1. Ironies
2. Woedend
3. Humoristies
4. Atmosfeer

(1)

12.5 Haal 3 opeenvolgende woorde aan uit strofe 5 wat bewys dat die dinosaurus se lewe in gevaar was (1)

[5]

Totaal {20}

<u>**TOTAAL VIR AFDELING 40**</u>

**GROOT TOTAAL 150**